

Hardloop die wedloop met die oog gerig op Jesus

Heb 12:1-2

20 November 2022

1. Vantevore: Gelowiges mag met vrymoedigheid in heiligdom ingaan (Heb 10:19-20), moet nie die vrymoedigheid prysgee nie (Heb 10:35), deurdat hulle volhard in die geloof (Heb 11:36,38). Heb 11 gee definisie en voorbeelde van geloof. Ou en Nuwe Testamentiese gelowiges sal saam ingaan (Heb 11:39-40)
2. Heb 12:1 – “Daarom...”: wat volg bou voort op bostaande argument
3. Hardloop die wedloop met volharding (Heb 12:1)
 - a. Nuwe lewende weg = wedloop in die geloof, van wedergeboorte tot sterwe
 - b. 1 Kor 9:24-26:
 - Gelowiges is in wedloop, met oorwinnaarskrans aan die einde
 - Hardloop met inspanning en doelgerig
 - c. Hardloop met volharding – tot einde toe (vgl Heb 10:35-36, Luk 8:15, 2 Tim 4:7-8)
4. Laat ons van elke las ontslae raak (Heb 12:1)
 - a. Atlete hardloop sonder bagasie
 - b. Las = iets wat nie noodwendig sonde is nie, maar wat aandag aftrek (vgl Mat 13:22, 1 Tim 6:6-10)
5. Laat ons ontslae raak van die sonde wat ons so maklik omring (Heb 12:1)
 - a. Wedergebore gelowiges worstel steeds met sonde (Rom 7:18-19)
 - b. Wedergebore gelowiges lê sondes af (Rom 8:12-13, Ef 4:20-24)
6. Ons het 'n groot wolk getuies rondom ons (Heb 12:1)
 - a. Gewilde interpretasie: OT gelowiges spoor ons aan vanuit die pawiljoene
 - Maar afgestorwe gelowiges rus in die hemel (Op 6:9-11)
 - b. Beter interpretasie: Ons moet leer uit hoe hulle die wedloop gehardloop het
 - Heb 11 en OT: verskeidenheid gelowiges in verskeidenheid situasies
7. Hou die oog gerig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof (Heb 12:2)
 - a. Gewilde interpretasie: Jesus is perfekte voorbeeld van in geloof leef
 - Kon die kruis verduur ter wille van die vreugde wat gewag het
 - Soortgelyk aan Abraham, Moses, Isak, Jakob, Josef
 - b. Beter interpretasie: Jesus is meer as voorbeeld – Hy is Leidsman en Voleinder van geloof
 - c. Leidsman tot verlossing (Heb 2:9-13)
 - Jesus kort tydjie minder as engele, ly tot die dood ter wille van gelowiges, oorwin die dood, met eer en heerlikheid gekroon (Heb 2:9)
 - Doel: om baie kinders tot heerlikheid te lei (Heb 2:10)
 - Jesus het deur lyding volmaaktheid bereik, volmaakte Verlosser geword, Leidsman/Pionier van gelowiges se verlossing (Heb 2:10)
 - d. Voleinder van geloof
 - Met eer en heerlikheid gekroon, sit aan God se regterkant (Heb 2:9, 12:2)
 - Sal verlossingswerk voltooi: wederkoms, opstanding, nuwe skepping
 - e. Jesus se vreugde (Heb 12:2)
 - Gelowiges is een met Hom en die Vader, hulle is Sy broers (Heb 2:11)
 - Besing God se lof oor die kinders wat Vader Hom gegee het (Heb 2:12-13)
8. Samevatting: Gelowiges moet volhardend deelneem aan die wedloop, ontslae raak van laste en sondes, leer van OT gelowiges, vashou aan Jesus, die Leidsman en Voleinder van geloof